
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

# Stroom · op

# AFFIES HOU KERMIS



## Kermis 1980!!

**Dis nie aldag dat meneer Bezuidenhout meer uit die Bybelklasse is as Bernard nie of dat meneer Schoeman tot in die middernagure beeste opsny nie of dat meneer Roesch 'n Maandag afwesig is om donasies in die Bosveld te gaan haal nie. Die snerpende koue wat ons deesdae beleef is dalk te wyte aan die feit dat al drie genoemde gevalle sommer binne bestek van 'n paar maande gebeur het. Dit was nie gedoen net om die gemiddeldes te oortref nie, maar vir 'n baie beter rede — die Seunskool se kermis op 30 en 31 Mei!**

'n Man is mos nie 'n klip nie en as die skool sestig word moet daar mos feesgevier word. Al voorwaarde is dat almal saam moet werk om saam te baljaar en aan ondernemingsgees en samewerking het dit ons beslis nie ontbreek nie. Vroeg-vroeg in die jaar het die operasie reeds begin met die insameling van donasies en natuurlik ook die bees wat uitgeloot was. Die goeie gees was duidelik te bespeur en of mens nou sê die bees weeg 100 kg of 640 kg, dit maak nie saak nie.

Menige klasse het ook suksesvolle borgskappe deurgevoer waarmee hulle groot bedrae geld gemaak het, om die totale inkomste algaande op te skuif. Daar was byvoorbeeld fietsry, pluimbal, 'n onafgehandelde tafeltenniskampioenskap en nog ander items wat die rekords goed laat spat het.

Nog 'n groot hupstootjie na sukses was die donasies wat ouers gemaak het. Die kluis het behoorlik oorgeloop van suiker, kookolie, koekmeel en ander ware soos ekstra pakke X-tra. Mnr. Schoeman het gesorg dat die voorbeeldige koshuisseuns ook hulle beskeie deel bydra deurdat hy veertig van hulle een naweek teen hulle sin na die huise gestuur het om hulle beloofde deeltjie by te dra.

Op 'n stadium het 'n sleutelmaniak op die toneel verskyn wat al wat 'n onderwyser is in store of klaskamers toegesluit het en dan lospryse geëis het. In die proses het mnr. Van Rensburg geleer om nooit sy sleutels in 'n deur te los of om sy rug op sy vertrouelinge te keer nie. Tydens 'n ander opspraakwekkende geleentheid is daar sterk gedreig om mnr. Raath se Flappie te "likwideer". Asof dit nog nie genoeg was nie het 'n paar sluwe sluipers een Vrydagoggend oorgetrek na die Meisieskool om vir Petré te gaan gevange neem. Omdat hulle nie veel met Mum 21 en Kissing Gloss kon doen nie, moes hulle maar tevrede wees met 'n karige twintig rand as losprys.

Die inisiatief het gelukkig nie leeggeloop nie en dit was veral mnr. Deichman wat gewys het dat die klein botteltjies die groot gif dra. Hy en sy klas het twee toneelstukke by TRUK gehuur en op eie houtjie al die kaartjies verkoop. Hulle vyftig persent van die opbrengste het op 'n groteske R1 200 te staan gekom. Getrou aan sy Joodse erekode het hy voortgegaan met sy klas om die meeste geld in te samel in die klaskompetisie. Omdat die spreekwoord sê: "Tiertjie kry sy biertjie", gaan mnr. Deichman en sy klas een naweek op 'n welverdiende toer na die Drakensberge. Hulle wag nog net vir meer sneeu.

Die varkvang en "sivvies" op twee agtereenvolgende Vrydae was nog twee troefkaarte gewees wat die geld laat inrol het. As mens ooit wou bewys gehad het dat die Affies rustigheid voorstaan, al is daar 'n prys aan, dan is bogenoemde twee sprekende voorbeelde, want deelname-persentasies was ver oor die 90%!

### 30 Mei

Uiteindelik, na sewe paragrawe, breek Vrydag 30 Mei toe aan. Die hele bont spul op die vierkant het daardie oggend "lekkir safe" gelyk. Tasdra was toé nog net 'n formaliteit, om nie eens te praat van klasloop nie. Mnr. Roesch het gemaan dat dinge nie té uitbundig moet gaan nie, daarom het ons nie té vinnig op Herbie se perd gery nie, en ook nie té hard sokker gespeel in die vierkant nie. Maar almal kon nie speel nie, want daar was nog heelwat finale afrondings om af te handel. Dinge het amptelik om 14h00 begin nadat dit nie-amptelik reeds om 07h40 begin het. "Radio 60" het die pap lekker dik aangemaak met stewige Duitse karnavalmusiek. Die saal het herinner aan die tempel van ouds waar daar op groot skaal gedobbel, gekoop en verkoop is. Die gewone tombola, veerpyltjies, visvang, skyfskiet, balgooi en nog baie ander speletjies was besonder aantreklik gemaak deur gesogte pryse soos wynsakke, bottels likeur, tediebere, skryfbehoeftes, glase, sakdoeke en selfs enigiets wat nie eens in 'n slamaaierwinkel verkoop word nie.

Al die eetgoed was in die vierkant te bekom en die veelgeroemde "Bosveldwinkel" met al sy losstaande afdelings was onmisbaar. Veral die "plaastelefoonhokkie" was 'n treffer — dit het behoorlik gelyk of hy getref was. Goed wat nie by die "Bosveldwinkel" te koop was nie het geen bestaansreg op aarde nie, met enkele uitsonderings, byvoorbeeld meisies.

So gepraat van meisies — aan talent het dit ook nie by die kermis tekort geskiet nie. Die doedelsakorkes van Boys High het 'n lekker Skotse atmosfeer aan die geleentheid gegee en Ierse humeure weer laat opvlam by die kussinggevegte. Die Meisies se trompoppies was eintlik die roomys om die stokkie en het die manne in hulle hordes laat opruk na die vierkant. Die belangstellende meisies het self ook nadergestaan om na ons eie kadetorkes te kyk.

### Koue

Moenie glo dat die koue van die aand die geesdrif enigsins gedemp het nie! Inteendeel, manne soos Willie Reyneke en Hardus Aucamp vertel met sekerheid dat selfs 'n koel melkskommel uit die "Affie-kroeg" nie genoeg was om te kompenseer vir hulle beter helftes nie. Alhoewel dit ook lekker koud was "ommihoekie" by mnr. Brooks se klas, het die manne die "spykertafels" en televisiespeletjies nog lelik "in die hek laat duik." Omdat 'n man wat aan oom Willem Bester en sy span lekker braaivleisete aangebied teen 'n appel en 'n ei. Alle eer gaan hier aan Oom Willem Bester en sy span braaiers en skeppers. Om die prentjie af te rond het "Radio 60" gesorg vr die broodnodige klanke op die ore.

Algaande het die koue en die uitgeputte geldbronne die manne laat huiswaarts keer, maar nie met leë hande nie. 'n Goeie uitrus was nodig vir die stryd teen Menlopark die volgende dag. Hoe minder die pryse geraak het, hoe leër het die saal geword, sodat daar teen tienuur vrede op aarde neergedaal het.

Vroeg-vroeg Saterdagoggend was dinge weer aan die gang en het meeste stalletjies oók afgeskuif na die rugbyvelde. By die skool was daar nog 'n paar speletjies aan die gang en was die vure reeds aan die gang vir die middagete wat sou ontaard in 'n feesmaal weens die omstandighede.

Dit bring ons by die absolute hoogtepunt van die feesvierings, waarvan heelwat melding in hierdie uitgawe gemaak word, nl. die eerste span se oorwinning oor Menlopark. 'n Verslae mnr. Hughes (Menlopark se afrigter) kon ná die wedstryd nog net opmerk: "Ek hoop dis vir julle 'n groot geskenk op julle verjaarsdag!"

### R28 000

Met die hele kermispoging het ons in die omgewing van R28 000 geïn om die skoolterrein te verfraai en nuwe fasiliteite daar te stel, maar dit was in geheel 'n kleinigheid. Wat eintlik saak maak is dat Affies homself onderskei van onder skole in die opsig dat almal baie lekker saam kan ontspan, maar dat almal net so lekker of lekkerder kan saamwerk om 'n sukses te maak van iets wat vir ons ná aan die hart lê!

Mag ons binnekort weer lekker saamkermis!

## A H S vs OVERKRUIN

**Op Maandag 23 Junie het Affies en Overkruin mekaar gepak op L.C. de Villiers se stadion. Overkruin wou wraak neem op hulle vernedering van bietjie meer as 'n week gelede toe ons hulle met 20-12 geklop het.**

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat Affies die wedstryd in die sakkie gehad het met harde voorspelerspel, baie balbesit en nog meer gebiedsvoordeel. Die voorspelers is dan ook kort voor lank bekroon met 'n skitterdrie deur Gay van Dyk wat vervyf is deur Alexander Thompson.

Overkruin het hulle 3 punte behaal deur 'n lewenslange strafdoel deur Paul Botes wat hy van die binne sy halfgebied gelanseer het. Dit was ook ongeveer die naaste wat hulle aan ons doellyn gekom het.

Dis tog jammer dat Affies se agterlyn nie méér slaankrag gehad het nie, en dat die bal nie altyd vinnig beweeg het tot by die vleuels nie, anders kon die telling veel hoër as 6-3 gewees het. Alle eer gaan egter aan die Wit Agttal wat niks anders as 'n wenkombinasie is nie!

## Erekleuredag — A.H.M.P.

**Vanjaar is daar aan alle Affie-verrigtinge daardie tikkie van die ekstra spesiale. Affies is nie verniet vanjaar 60 jaar oud nie. Erekleuredag op 27 Maart was weer so 'n dag.**

Jaarliks is erekleuredag seker die hoogtepunt van die werksaamhede in Affies. Almal wat deur die jaar hard gewerk het en 'n hoë standaard bereik het, word bekroon.

Op haar kenmerkend-gevatte wyse het mej. Holtzhauzen almal bekend gestel en die gehoor deurentyd in die holte van haar hand gehou. Haar trots was duidelik sigbaar oor die dogters se prestasies op verskeie gebiede.

Die hoogtepunt van dié dag was sekerlik die teenwoordigheid van mej. E.C. Steyn wat 18 jaar lank die leisels van Affies stewig vasgehou het. Sy het onberispelik netjies daar uitgesien en al wat Affie is, kan gou sien waarom hul voorgeslagte soveel respek en ontsag vir dié klein, agtermekaar dame gehad het.

Nie net skoolgaande Affies is bekroon nie, maar ook dié wat verlede jaar nog op die skoolbanke gesit het.

Die hoogste beloning wat 'n Affie kan kry vir uitstaande prestasies is seker die goue medalje wat aan die einde van haar skoolloopbaan aan 'n uitstaande Affie toegeken word. Op akademiese gebied het Susan Adendorf, Liesbet Botha, Hanneke Nel en Annamarie Scott uitgeblink met onderskeiding in al sewe hul vakke. Anke Bekker het ses onderskeidings behaal. Vir die uitmuntende prestasies het elk van hulle 'n goue medalje ontvang.

Vir ander goeie prestasies is silwer medaljes toegeken. Vir hul onderskeidings in vyf vakke het Petra de Wet en Corrinne Oosthuizen elk 'n silwer medalje ontvang. Verder is die gesogte toekenning op sportgebied o.a. aan Revonne du Toit en Laetitia Fourie toegeken vir hul prestasie om die Administrateursbeker te verower.

Die geleentheid wat dié dag afgerond het, was seker die vakansie wat daarna gevolg het. Veral dié wat bekroon is, kon met 'n oop gemoed 'n luilekker vakansie geniet.

# WAT SOEK DIE RUGBY-UNIE OP LOFTUS?

**Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Stads- en Streekbeplanners het in Februarie vanjaar 'n wedstryd uitgeskryf waaraan twee skoliere uit elke hoërskool in die Pretoria-, Witwatersrand- en Vaaldriehoekgebied uitgenooi was om deel te neem. Die wenner wat die beste referaat oor "Die Ontspanningsbehoefte van die Tiener" kon skryf, sou dit dan tydens die Instituut se konferensie oor "Beplanning vir die Mens" voordra.**

Dis vanselfsprekend dat 'n Affie die wenner van die prys was. As wenner het Lilét Burger R50 ryker geword en die A.H.M.P. se skoolfonds kon met nog R50 styg. Op 23 April het Lilét by die W.N.N.R. se konferensiesentrum hier in Pretoria opgedaag, gewapen met kaarte en tekeninge en so ekstra blink geskrop en gepoets, om aan die kongresgangers te vertel watter groot flater hulle begaan het om Loftus Versfeld te laat ontwikkel soos dit vandag is.

Binne 'n radius van 'n halwe kilometer is daar vyf hoërskole met altesaam 3 700 skoliere en boonop 'n Universiteit met vyfmaal soveel studente — oor die 20 000 jongmense waarmee rekening gehou moet word! Die huidige uitleg in hierdie stadsgedeelte skep baie probleme:

1. Die skole het elk hul eie sportgronde en swembaddens, wat nie altyd groot genoeg, goed toegerus of goed in stand gehou is nie. Hillcrest is tot die skole se beskikking, maar dis te ver om te loop en te na om te ry en buitendien mag die publiek nie tydens skoolbyeenkomste van die swembad gebruik maak nie.
2. Daar is geen voorsiening gemaak vir die jongmense vir 'n ontspanningsentrum binne loopafstand nie, en in dié dae van hoë brandstofpryse moet die klem altyd op die loopafstand val.
3. Die strate in hierdie deel is nie toereikend vir die intensiewe verkeer gedurende spitstye nie, soos almal wat op weeksdae om 7h15 en 13h45 hulself in hierdie omgewing bevind, kan getuig.
4. Tydens 'n groot byeenkoms op Loftus Versfeld is daar nie genoeg parkeerruimte nie, en daar is geen kans op uitbreiding van die parkeerterreine nie a.g.v. die ligging van die vyf hoërskole en die Universiteit. Dit het ook al gebeur dat oproeriges skade aan skooleiendom veroorsaak tydens groot byeenkomste op Loftus — dus 'n onveilige toestand vir skole en koshuisgangers.

Die oplossing vir al die probleme? GEE LOFTUS VIR DIE SKOLE!!

Brei die pragtige groot terrein van Loftus uit om netbal-, muurbal-, pluimbal-, tennis en atletiekbane, rugby- en hokkie-velde en 'n groot swembad (en 'n SNOEP-WINKEL!) te bevat, wat vryelik deur al die skoliere gebruik kan word. Elke skool se huidige sportveld kan dan vir iets beters benut word, soos byvoorbeeld vir 'n groot parkeerterrein, 'n teater en konsertsaal, 'n biblioteek, 'n trimpark, 'n botaniese tuin met sitplekkies on die bome, ens. Dan hoef die ouers nie die kinders te vervoer na die Piet van der Walt-teater, Pilditch, Hillcrest en die munisipale biblioteek nie. Dit spaar mos nou brandstof!

Afbakenings tussen die vyf skole kan verdwyn en die hele gebied om Magnoliadal en Walkerspruit, van Parkstraat en Universiteitsweg tot by die mooi gronde van Boy's High, kan ontwikkel word in 'n lowerryke park sonder groot deurpaaie (verkieslik gesluit vir verkeer) met genoeg ontspanningsfasiliteite vir al die jongmense. Die skole span dan saam om onkoste verbonde aan verhoogtoerusting, opvoering spesiaal vir skole, 'n goeie biblioteek en die instandhouding van die sportvelde en die trimpark, te dra, en sodoende word baie geld gespaar. Engels- en Afrikaanssprekendes leer mekaar dan ook beter ken.

En nou trek die ooms van die Instituut hul hare (dié wat daar nog is) uit hul koppe dat hulle nooit self an dié goeie plan gedink het nie. En dit nogal uit die mond van 'n meisiekind, voorwaar! Lank lewe "Woman's Lib"!

# Eerste indrukke van 'n nuwe leerling

Die spreekwoord sê dat jy eers 'n sak sout saam met iemand moet opeet alvorens jy daardie persoon ken en 'n oordeel oor hom kan vel. Ek is maar slegs twee maande 'n leerling aan hierdie beroemde seunsskool en dit sal miskien voorbarig van my wees om 'n waardeoordeel oor hierdie inrigting uit te spreek.

Die goeie gees wat daar deurentyd tussen leerlinge onderling en leerlinge en onderwysers bestaan, is iets wat 'n groot indruk op my gemaak het. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die uitstekende organisasie by hierdie skool, in besonder op sportgebied waar Affies met 'n ryke tradisie van skitterende prestasies spog. "Die hoë bome vang die meeste wind" is van toepassing op Affies en juis daarom moet daar nie gapings gelaat word vir afbrekende kritiek nie.

Die hoof en leerkragte van Affies is die grootste bydraende faktor tot die sukses van hierdie skool. Die eg vaderlike en menslike wyse waarop die hoof sy leerlinge voorgaan, werk deur tot by elke onderwyser. Die goeie gevolg is dat die leerlinge en personeel soos een span saamwerk. Daar is geen sprake van 'n baas-kneg-verhouding nie, maar eerder die van 'n onderwyser met 'n helpende hand en 'n leerling wat graag die hand neem vir kennis, leiding en advies. Daar is tog leerlinge wat nie waardering het vir dit wat vir hulle gedoen word nie, maar hulle is egter ver in die minderheid.

Ek is jammer dat ek nie vroeër Affies toe gekom het nie; dat ek baie gemis het, is seker. Dit is nogtans vir my 'n eer om aan hierdie inrigting te kan afstudeer. Ons kan miskien egter 'n bietjie kers gaan aansteek by ons Engelstalige buurskool wat gees langs 'n sportveld betref.

Ek is trots op my kleurbaadjie, trots op my skool en les bes dankbaar vir die wonderlike geleentheid om 'n leerling van hierdie skool te wees. Aan die hoof, leerkragte en veral my mede-matrikulante, sterkte en sukses vir die toekoms.

Johann von Hagen 10E

## SABRA-kongres

Die eerste kongres van 1980 is te Klerksdorp gehou. Al die verrigtinge het by die Klerksdorpse Hoërskool plaasgevind. Die kongresgangers is dan ook in die koshuise van dié skool gehuisves. Die Qtema van die kongres was: "Die jeug se aandeel in goeie en volksverhoudinge."

Drie Affies was bevoorreg om die kongres by te woon. Ons het Mandagoogend, 21 Maart om 10h00 daar gearriveer. Na die opening is ons na die koshuise om 'n smaaklike middagete te geniet. Daarna is begin met 'n redenaarskompetisie waarvan die standaard puik en hoog was. Na aandete is ons deur mnr. D.J. Hough, L.U.K., toegespreek. Die onderwerp was hoe die R.S.A. sal lyk teen die jaar 2000.

Dinsdag 1 April het ons begin met die referate en groepsbesprekings. Na elke referaat is daar 'n groepbespreking gehou waarna 'n lid van elke groep voor die hele kongres moes terugrapporteer. Verdere lesings oor die Afrikaner se rol in die Natuurwetenskappe en die rol van die Afrikanervolk in Afrika is gelewer.

Woensdag 2 April is nog twee referate gelewer wat onder andere gehandel het oor Kleurling stemreg en die RSA se internasionale posisie. Die middag het ons 'n wildtuin besoek en die aand is daar vir ons 'n verskeidenheidskonsert gehou. Die res van die aand is aan volkspele en die aanleer van die "Charlston" gewy. Veral die Affies het hier uitgeblink.

Donderdag 3 April, na 'n bespreking en samevatting oor die kongres, het almal saam vir die laaste keer middagete genuttig. Na ete is almal uitmekaar en het ons huiswaarts gekeer. 'n Baie gesellige en aangename gees tussen die leiers en die kongresgangers het die kongres 'n ware belewenis en 'n groot sukses gemaak.

Namens die drie Affies wil ek net vir mnr. P. Edwards bedank wat dit vir ons moontlik gemaak het om die kongres by te woon. Ek kan u verseker ons het dit baie geniet en leersaam gevind.

C. Olivier
9E

## *Debatskompetisie — Junior Rapportryers*

Op 'n koel, winderige herfsaand het die Junior Rapportryers hulle jaarlikse debatkompetisie by die Technikon aangebied. Ronélle en Tertie, A.H.M. se enigste span, het verlore gevoel tussen die ses belangrike debatteerders van Seunshoër. By ons verby het die ander spanne die saal binnegestap met lêers vol bewyse, en Meisieshoër? Meisiehoër het drie verfrommelde papiertjies gehad met húlle bewyse hoekom húlle dink: "Meisies moet net soos seuns militêre opleiding ontvang."

Om ons ego 'n verdere knou te gee is ons name nie afgelees nie — daar is glo aanvaar ons is saam met A.H.S. — verbeel jou! Sestien skole se spanne is na 'n klein kamertjie geneem en diep binne ons harte het ons geweet hoe die Jode moes gevoel het toe hulle na die gaskamers geneem is. Die nuus dat ons twee uur sou moes wag, was net genoeg om ons aan "chips" en "tjoklits" te laat oorgee — ai, die dekadensie van die vroulike geslag darem.

Tussendeur die geëtery was daar nog 'n uitruilery van toesprake tussen ons en ons opponente: Gerrie en Cecil — A.H.S. se A-span. Dié uitruilery was glo net sodat ons "nie verby mekaar moes praat nie". Maar, die vrouegeslag is nie dom nie, ek meen, ons het darem daardie sesde sintuig aan ons kant. Wel, ons het besluit om die strydbyl te begrawe en voordat ons die debatslokaal binnegestap het, besef dat ons hierdie gedoente regtig gaan geniet!

Tertia het die debat ingelei met 'n aanhaling van A.G. Visser, wat haarself so min oortuig het dat ons maar eerder wil swyg oor die gevoelens van die beoordelaars. Maar, die debat was aan die gang en daar is gestry oor dinge wat gesê is wat toe nooit gesê is nie. Ronélle en Cecil se oumas was ook in die gedrang. Cecil s'n het glo "Tommies" van die "Spaaider" af geskiet en Ronélle s'n het in die konsentrasiekamp gesterf. Daar is ook bespiegel oor die eenslagtigheid van 'n vrou. Daar is so ewe aan ons gesê: "Skiet jy 'n vrou dood, dan skiet jy al haar potensiële kinders dood", wat dan van die mans?!

So het dit aangegaan vir 'n hele uur; baklei en lag en die verontwaardige gesigte van party mense darem! Maar, om die hele aand op te som, kan ons net sê: "Dit was 'n fees!"

En laaste maar definitief nie die minste nie, wil ons vir Gerrie en Cecil dankie sê — julle is die oulikste manlike chauviniste wat leef!

## Biblioteek-Uitstalling

**Die studie van 'n moderne taal, soos Frans, behels ook die studie van die land se aardrykskunde, industrieë, mense en gewoontes.**


Die Franse leerlinge, van st 6—9, het dus almal die opdrag gekry om take oor Frankryk uit te werk. Hierdie take is dan ook later in die biblioteek uitgestal vir besigtiging deur die leerlinge.


Daar was take oor die romantiese Parys, die Franse platteland, byvoorbeeld Provence, Franse wyne en, natuurlik, Franse parfuum en modes.

Die leerlinge het dit geniet om die take uit te werk en het in die proses baie meer omtrent Frankryk geleer as wat hulle onderwerpe vereis het. Gelukkig was die Affies wat wyslik die uitstalling in die biblioteek besoek het en sodoende in dié verruimde kennis kon deel!



# FOTO'S VAN TERMYN





## Matriekdas!!

**"Donderdag 5 Junie 1980" sal nóg 'n inskrywing moet wees in die roemryke geskiedenis van die Seunskool. Dit was die dag waarna sekerlik ál die matrieks lank na uitgesien het.**

Ek kan nog sien hoe kom Bernard van die kantoor af — elke dag hierdie termyn — en verduidelik heel boos, met die nodige byvoeglike naamwoorde dat die dasse nog nie klaar is nie, maar dis nie waar alles begin het nie!

Eendag, lank lank gelede (d.w.s. in die eerste termyn), was daar veral twee seuns wat minder lus was om op te let in die klas op 'n warm somersmiddag. Hulle het trouens dieselfde probleem in die winter ook. Hierdie twee seuns, Charl Boone en Derick van Wyk, het, ondergeskik aan 'n wonderwerk, op die puik gedagte gekom om 'n matriekdas te ontwerp. Omdat nie een van hulle besonder mooi meisies kan teken nie, moes hulle van die eerste gedagte afsien. Charl wou later nog 'n paar karnavalfiguurtjies ook op die das sit, maar Derick wou eerder sy speelgoed-motorfiets op die das afgebeeld hê. Was dit nie dat Bernard ingegryp het nie, sou daar nie veel van gekom het nie. 'n Paar ontwerpe is toe gemaak, en na 'n lang dinkskrum is daar op 'n motief besluit wat by meneer Roesch ook groot byval gevind het.

Dis ook net hier waar die groot vertraging ingekom het, maar dit gaan so as jy nie die Affies self aan die werk sit nie. Ons het "Die Kelder" in die werk gesteek met die motief en hulle amper nog in die pad ook gesteek toe dinge nie vinnig genoeg na ons sin verloop het nie. Hulle het telkens belowe dat dit "Vrydag" by die skool sal wees, maar het nooit gesê watter "Vrydag" nie. Net toe almal in die mat begin soek het na die gat waardeur die plan geval het, kom Bernard weer een middag van die kantoor gestap — soos gewoonlik, maar met 'n breë glimlag — met die nuus dat hy die dasse gaan haal! Dit was die begin van 'n nuwe era vir matrieks en 'n nuwe tradisie vir die skool. In 'n mate gee dit beslis 'n waarde van soewereiniteit aan die trotse draers van dié das — die Matrieks!

Affies is baie dank verskuldig teenoor Derick, Charl, Bernard en Die Kelder vir die daarstelling van 'n vierde amptelike das vir die skool, saam met die verouderde streepdas, die gewone das en die wynrooi Oud-leerlingdas. Mag daar nog baie warm somersmiddae en jong wonderwerkies wees!

## *Femina*

**Dit gebeur so dikwels dat jy na iets besonders soek om van enige ou kledingstuk 'n toffieblink treffer te maak. Dié ietsies is gewoonlik so skaars soos hoendertande, wat beteken dat jy daarsonder moet bly, of dit self moet maak.**

Vere is hierdie winter, soos in ma se jong dae, weer eens hoogmode. As daar nog 'n paar van ma se eertydse pronkers by die huis rondlê, flans hulle saam in 'n modetreffer in die kleure wat jý bymekaar wil hê.







**1. Vereborspeldjie:**
(a) Neem 'n klein stukkie ovaal vilt of enige dik materiaal wat nie uitrafel nie.
(b) Begin om die veertjies (die wat agter moet wees, eerste) vas te plak.
(c) Vul die openinge op met kleiner veetjies.
(d) Werk 'n goue speldjie aan die vilt vas en pronk met jou vereplui m!

**2. Outydse borsspeld:**
As jy 'n borsspeldjie met 'n outydse voorkoms verkies, gaan as volg te werk:
(a) Neem 'n baie groot knoop (van dié soort wat nie gaatjies deur die boonste oppervlakte het nie).
(b) Plak geparste blommetjies met kleurlose gom daarop vas en verf 'n lagie vernis bo-oor. (Hoe meer vernis aangewend word, hoe ouer lyk die speldjie)
(c) Plak nou 'n goue speldie aan die steeltjie (waardeur die opening is) vas. Gaan so te werk: Steek 'n stukkie materiaal deur die speldjie.
Plak nou die materiaal aan die steeltjie vas.

**3. Haarkammetjies:**
Versier jou haarkammetjies deur gedroogde blommetjies daarop te plak en vernis daaroor te verf. Jy kan ook die eerste paar note van jou gunsteling liedjie of selfs jou naam met gewone plakkaatverf op dié kammetjie verf. Wend 'n paar lagies vernis bo-oor aan sodat die verf nie afdop nie.

## Aan alle verslankende Affies:

"Dieet" en "verslank" is vandag in modewoord hier in Affies. Van die maerste st. 6 tot die grootste matriek verhonger hulle. Daar word uit betroubare bronne verneem dat die snoepies se omset geweldig gedaal het en dat yoghurt goed verkoop.

Druiwe-, tamatie-, eiers en kaas- en proteïene-diëte word vir weke lank beproef. Almal weet van die Scarsdale Mediese Dieet en die Mayo Kliniek dieet.

Almal honger hulle uit in 'n poging om oortollige kilogramme te verloor, maar besef almal die waarde van oefening? Nadat die Trimpark verlede jaar met soveel entoesiasme ingewy is, het dit vinnig 'n wit olifant geword.

Oefeninge versterk jou spiere (sonder om jou soos Tarzan te laat lyk) en verbeter jou uithouvermoë. Nadat jy oefeninge gedoen het, is jy dikwels glad nie lus vir kos nie. En, hoe minder jy eet, hoe maerder word jy!

Komaan Affies, doen oefeninge, gebruik die Trimbaan en verslank sonder hongerpyne!

# Redaksioneel

**Ek sit en dink toe mos by myself dat sestig jaar 'n lang tyd is — veral gemeet in terme van 'n hoërskool-loopbaan.**

Mnr. Calitz — of soos baie seuns hom nog sou onthou: Oom Kallie — kom maak so 'n rukkie terug 'n draai by die skool en toe hy ons sien, is die eerste ding wat hy in sy klokhelder brei-stem opmerk: "My magtie kêrels, maar julle't groot geword," terwyl die stomp wysvinger opgewonde beduie. Met alle respek gesê, dink ek, Pa le Roux of mnr. Potgieter sou dieselfde opmerking teenoor die skool gemaak het, as hulle nou hier moes instap.


Daar word nogal baie klem gelê op tradisies by die skool, en ook niks minder as reg nie, maar net so seker as wat ek nou onder 'n lekker dik kombers lê en skryf, net so seker weet ek dat hier Affies is (beide kante van die straat) wat nog nie daardie regte Affie-lekkerkry en gevoel van grootsheid gesmaak het nie. Toe ons die óú erebaadjie 'n rukkie gelede onder die stof in die kluis gaan opdelf het, was ek só oorweldig deur 'n gevoel van "heilige" tradisie, dat ek my skoene wou uittrek, was dit nie vir die prominente gate in my kouse nie!

Verskoon tog asseblief as ek dié voorbeeld gebruik, maar dit was wragtie lekker om met 'n wit Affie-trui rond te loop op die 31ste Mei. Natuurlik sou dit wees, want ons het dan vir Menlopark gewen in 'n monumentale spanpoging onder die aanvoering van "Jack se Wit Jerseys"! Affie-wees was lanklaas só lekker gewees — voorwaar 'n reuse verjaarsdagpersent op ons kermis!

So gepraat van Affie-truie en persente, dink ek die matrieks van 1980 verdien 'n pluimpie vir hulle puik inisiatief: die meisies vir hulle "1980-matriektruie" en die seuns vir die langverwagte en (wow!) gesogte matriekdas wat gekom het om te bly!

Dít so vinnig tussen ons gesê, so deur die raas en blaas van 'n vinnige tweede termyn. Om hierdie termyn saam te vat in 'n baksteen om in te bou in die stewige, hoë, mooi, ens. ens. Affie-muur, sou maklik wees en sonder om groot te praat, reken ek, sal dit 'n heel skaflike baksteen afgee! Tydens die bouproses van die vorige sestig jaar het Affies natuurlik gereeld die wat oortree. Ek verwys na die wet van gemiddeldes wat bepaal dat elke skool nie elke jaar kan bereik wat hy wil nie. Ons omseil toe die wet sleg en bewys dat ons nog élke jaar, sedert 1980, Affies gebly het in die ware sin van die woord!

Aan die einde van die jaar sal al die matrieks met trots kan erken: "Daar was lig!"




**Voorbereid vir enige verdagte beweging**

## *Gedagtes van 'n Oud-Affie*

Soos nou al vir langer as die afgelope halwe eeu het Affies verlede jaar weer eens afskeid geneem van 'n matriekgroep en sodoende ook meer as 200 gebalanseerde jong Afrikaners die wêreld ingestuur. Sedertdien het hulle dan ook uitgesprei dwarsoor die land en op verskillende gebiede en hoedanighede by die uitgekose groep oud-Affies aangesluit.

Nou begin 'n mens skielik besef wat dié Afrikaanse Hoër Seunsskool werklik vir jou beteken het. Wanneer 'n mens ander se reaksie sien wanneer hul hoor waar jy vandaan kom, besef 'n mens eers dan wat Affies vir jou beteken het. Daar is altyd reaksie, eerbied of kritiek, maar een feit staan soos 'n paal bo water: hul weet van dié skool. Dis elke keer met trots waarmee 'n mens 'n vorm invul en kan meld dat jou stewige fondament gelê is by die oudste Afrikaanse skool in die wêreld!

Affies, ons het almal die storie gehoor dat jy jou studentelewe moet geniet . . . en o ja, die ouer broers sê mos ook alewig: geniet jou skooldae tog! Waarop dit egter alles neerkom is: Geniet elke stadium waardeur jy gaan **ten volle**. Daar is een groot waarheid: "Jy sal dit nooit so maklik en lekker hê soos **vandag** nie." Lewe elke dag dan tot sy volle potensiaal en waardeer elke oomblik en gebeurtenis. Dink 'n bietjie aan al die vóórregte wat tog so dikwels as régte aanvaar word. Ons sing die Stem of Skoollied elke Maandag en Woensdag. Ja . . . seker maar 'n ou tradisie . . . Dink bietjie weer! Dis elke slag 'n heerlike voorreg om saamgebind te word in 'n groep jong Afrikaners wat net soos jy voel deur hierdie pragtige komposisies aan skool, land en God te wei! Die geleenthede om werklik gees te vang as 'n groep (soos Affies) word ook algaande (a.g.v. die massas) minder en minder. Ja Affies, dinge raak net moeiliker vorentoe; geniet elke sorgvrye dag as trotse Affie deur die goeie begrip na te volg: betrokkenheid!

31 Mei 1980. Wat 'n skitter dag!!! Affies 11, Menlopark 9, skitterend manne; dit was darem ekstra lekker om weer jou bors as oud-Affie te kon uitstoot. Dis soos ons ons Alma Mater mos ken en onthou. Baie geluk en alle voorspoed verder vir hierdie Affie-feesjaar.

Ons is altyd in gees met julle en dis met groot vreugde en trots dat ons steeds saam met julle Die Lig uitdra.

Hartlike Affie-groete

Geagte Redaksie,

Soos ons almal weet sluit die skool oor 'n bietjie meer as drie weke. Maar waarvoor sluit dit: Bloktyd of rustyd. Ons matrieks is alreeds oorwerk, en 'n blik in die toekoms wys dat die probleem erger gaan word. Die skooldokter sal nie meer slegs na ons rûe kom kyk nie, maar ook na ons geestelike toestand.

**Redaksioneel**

**Dit is 'n oorbekende feit dat Affies eindelik vanjaar 60 jaar oud is. Deur die jare het ons van krag tot nuwe krag gegaan om vanjaar die uiteindelike hoogtepunt te bereik. Ons staan op die kruin van die golf. Dit is byna asof die noodlot wat oor wen en verloor beskik, besef het dat hy darem vanjaar 'n bietjie skiet moet gee wenkant toe.**

**Sport ken ongekende hoogtes en die akademiese prestasies reik na die sterre. Selfs op kulturele gebied wat voorheen minder onder die kalklig was, het Affies weer eens met 'n stem wat nie geïgnoreer kan word nie, van hulle laat hoor. Lilet, Tertia en Ronélle blink uit op hierdie gebied terwyl Lydia wys wat op akademiese gebied gedoen kan word. En sport? Vier jong tennissterre vonkel baie belowend en daar is nie minder as drie Affies in die N.Tvl.-hokkiespan nie. Santie is boonop kapteine. Ek sien haar voorwaar wen!**

**KLAGTE/VOORSTELHOEKIE**

Die Snoepwinkelkomitee!

Hier is 'n belangrike voorstel waaroor gerus gedink kan word en wat beslis die meeste honger Affies tevrede sal stel! Is dit nie moontlik om toebroodjies, warmbrakke, hamburgers en bakkies met kerrie en rys by die snoepwinkel te verkoop in plaas van onnodige lekkergoed nie? Hiermee kan die meeste Affies se probleem van oorgewig opgelos word. Dit sal ook vir die snoepwinkel finansiële voordele inhou aangesien die kos duurder verkoop kan word as lekkers. Ons hoop hierdie voorstel sal deeglik oorweeg word.

By voorbaat dankie!

**'n Blykie van waardering**

Liewe juffrou S.P. Bothma

Ons skryf vir Juffrou 'n briefie wat beslis in die Stroom-op geplaas word, sodat groot en klein kan saamstem oor wat ons wil sê. Hierdie briefie is 'n blykie van innige waardering vir u moeite en opoffering, u harde werk en morele ondersteuning. U is iemand wat saam met ons geval en opgestaan het, iemand wat as al die ander al moedeloos geoefen was, die laaste bietjie energie so-te-sê ingespuit het. Juffrou, weer eens baie dankie. Ons hou almal duim vas dat u droom bewaarheid sal word. Vir u is net die beste goed genoeg.

**Thank You Teachers**

Namens al die matrieks wat die afgelope tyd hulle Engelse mondeling gedoen het, wil ek u bedank vir die informele wyse waarop u die hele situasie gehanteer het.

'n Mens was maar 'n bietjie senuweeagtig, maar dit het dadelik verdwyn sodra jy die klas ingestap het, en op die ou end het jy dít skoon geniet om daar te staan en gesels (al is dit op syn Ingees)

Nogmaals baie dankie juffrou Hönck en mevrou Maritz, ons waardeer dit opreg en besef hoeveel opoffering en geduld dit gekos het om middag na middag na ons te luister.

'n Matriek

**Nuwe bedeling!**

Die sangklas in Affies het 'n wonderlike verandering ondergaan en al die koorlede is verheug oor die "nuwe bedeling". Mev. de Villiers het op kenmerkende wyse geen gras onder haar voete laat groei nie. Geen meer afgesaagde FAK-liedjies wat almal reeds van gr. 1 af leer nie, maar nuwer, ander liedjies, soos bv. "Negro spirituals" ens. Mev. de Villiers het deurgaans die klasse interessant en leersaam gehou met vertellinge oor die ontstaan van musiek; die musiek van John Cage (50 radio's elk op 'n ander stasie) en vele ander. Saai sangklasse? Nog nooit! Verby is die dae van net instap en sing. Soos juf. Hönck weliswaar gesê het: "Pragtige ding!"

Van 'n praktiese Affie

# GESOEK!

*(Dringend!)*

Alle

oud-Affies

vir

AHM

Tuinparty

20 September 1980

*Kontak:*


*Mej. B. Hönck*

*Tel: 74-2368*

**Affies Navorsingsprojek — *"Die koei"***

Die koei is 'n soogdier. Dit is ook 'n huisdier. 'n Koei is orals. 'n Koei het 'n fyn reuk, jy kan haar oor die hele plaas ruik. Agter sit die stert, aan die end van die stert sit die kwas en aan die ander end die koei. Die koei gebruik die kwas om die vlieë van haar af weg te hou anders val hulle in die melk.

Voor aan die koei sit die kop. Daar groei die horings en staan die bek. Tussen die stert en die kop sit die koei. Die koei is oorgetrek met 'n beesvel. Onder aan die koei hang die melk. Dit is so ingerig dat as jy daaraan trek, kom die melk uit. As die gras goed is, is die melk goed en as die gras sleg is, is die melk sleg. As daar donderweer in die lug is, word die melk suur. Dit is baie goedkoop om 'n koei aan te hou, want as sy eenmaal eet, eet sy tweemaal, sy herkou alles.



**Gelukwense**

1. Namens die Stroom-op Redaksie in besonder 'n woord van hartlike dank en gelukwense aan Pierre Taljaardt en sy Fotografieklub. Hulle het die Noord-Transvaalse kompetisie gewen en sal Noord-Transvaal verteenwoordig op die landswye kompetisie. Hulle groot bydrae in Stroom-op word hoog op prys gestel!
2. Affies wens Bernard baie geluk met die groot (krom) stap in sy lewe. Hy het uiteindelik 'n bypassende meubelstukkie aangeskaf wat mooi inpas by sy eie lengte. Mag die sypaadjies voor die skool lank wees!

**Oom Koos**


Oom Koos rook sigare
Dit affekteer glad nie sy hare
en in die klas pluk hy die snare
Hy gee die prys
van die kerrie en rys —
verruil dit vir blare
daarmee koop hy dan nóg sigare


Oom Koos is lus —
dan vang hy vis —
verkoop dit vir 'n appel en ei
Koop vir hom 'n klokkie
om te lui.

Stap aan, Boeties!
Stilte, menere!
Kom nou, boeties!
en Hande uit die broeksakke
is al wat mens heeldag hoor

Verder ruik jy net
rook, rook, rook . . .

Bromberg St. 9E






**Love**

Love is that very special feeling
when someone enters your heart to stay.

It starts by secret glances,
a wink, or a few insignificant words.
A warm friendship also gives chances
for love to develop and grow.

When you are in love with someone,
You start thinking, dreaming . . .
Staring out of the window all day.
You are sad and lonely when it's raining
On sunny days, without reason
you are happy and gay


Everytime you must depart
you're stretching the moments as long as you can,
wishing with your whole mind and body
there was still some time left.

Love is a must in every life.
It makes you sweet and loveable
It enriches your small world
like only love can do

Mariette Naudé 8D

**Skinderstories:**

1. Al die nuutste een gehoor oor Petré? Ek ook nie, maar stuur hom vir Stroom-op as jy hom gehoor het.



**Dag in die lewe van 'n Matriek-wiskunde onnie**

Môre — goeie môre — 'n nuwe dag
Veertig paar oë —
Veertig lyk bedroë
— Ek het nie my boek gebring nie
— Ek het vergeet
— Ek kon dit nie doen nie
— Ek verstáán nie
Dis waar — ek weet!

Twee skuldige oë kyk in myne sekondes lank
Een paar hande onder die bank
'n Mond wat aan 'n appel kou
'n Tiende wat gesê is, word onthou
En môre?
Nog 'n tiende daarvan vergeet.
Dis nou ons lief —
of is dit ons leed?

(Anoniem)

***

2. Asof dit nie genoeg was dat Bernard se tas onder 'n motor beland het nie, het hy dit self gaan uitprobeer en óók amper onder 'n motor te lande gekom.

***

**IN MEMORIAM**


**Hiermee wil ons graag ons innige meegevoel betuig aan mnr. H. Raath met die tragiese afsterwe van sy wit Pirinese bergrot, Flappie. Die hond word oorleef deur mnr. H. Raath en sy vrou.**

**Affies is . . .**

. . . 'n keppie wat dreig om af te val
. . . 'n winterdrag wat hoogmode is
. . . 'n tas wat 'n ton weeg
. . . suurlemoen-sepies in die "kammies"
. . . 'n klassieke stel trappe,
trap jy mis,
val jy
. . . 'n bossie vol verbode rose,
. . . 'n lekker lewe
. . . ek.

**Hanswors**

Jy lag en speel,
Huil jy ook soos ek?
Jy spring rond en bont,
Is jy soms ook hartseer?
Jy het 'n rooi plastiek neus,
Is jou neus ook soms rooi van trane?
Jy loop met kolossale skoene,
Kla jy soms ook oor jou groot voete?
Jy glimlag,
Maar ken jy regtig hartseer?



SOEK DIE VERSKILLE

3. Het julle geweet dat mnr. Mills in Desember trou? Hy moet nog net die jaar finaliseer.

***

**Waarskuwing:**

Ons rig 'n vriendelike versoek aan al die meisies om op hulle pasoppens te wees in die oggende voor die skool. Stefan sal sonder om te versuim, as hy enigsins die kans daartoe kry, poog om die meisies in 'n swak lig te stel.

4. "Dink jy Wickus is 'n goeie rugbyspeler?" "Ek weet nie, maar hy zoep kwaai vir Springbokspan."

***

5. Die storie lê mos rond dat Stefan uit die kerk gesit is, maar dat 'n sendeling hom darem aangeneem het. Dis niks! Philip verkoop groepfoto's van homself en sy ore.

**Koshuisterreur!**

Dit is stil in die hol, koue koshuisgange. Studerende, uitgeworpe wrakkies sit op bondeltjies gevou voor hul stapels nikseggende akademie.

Meteens weergalm die klank van 'n skril polisiefluitjie . . . "twieeeet!" Bevele word van êrens af uitgeblaf. Die ligte word afgeskakel en flou van skok lê patetiese bondeltjies op die vloere rond, rondtastend om 'n kombers in die hande te kry. "Haai! Haal jou toon uit my mond uit! Jy sit op my hand . . .!" ensovoorts.

Ons beur steeds na vore, gang toe, sodat die bomme ons nie tref nie. Miskien gooi hulle rookbomme deur die vensters, die rook sal dan onderdeur die deur . . . "Lê stil, man! Jy maak geraas!"

Bloedstollende gille laat die vensters tril, dis die einde, ou wêreld . . . 'n Flitsende, skerp lig verblind ons oë . . . die bom het seker . . . "Toe, toe meisies! Opstaan! Hierdie keer het die noodplan puik verloop, alhoewel ek julle so onverhoeds betrap het. Soweto en die A.N.C. het nie 'n kat se kans teen julle nie . . !"

Steyn en Ri
10D


**Gevra:**

Johann Malan vra baie mooi vir nog meisievriende wat belangstel in 'n vaste verhouding met die voorwaarde dat hulle sal optree asof die res van die harem nie bestaan nie. Dom meisies wat maklik om die bos gelei kan word, kry voorkeur.

**Die Skolier**

AANDAG ALLE AFFIES! Het julle al ooit van Die Skolier gehoor? Dit is 'n opwindende, waardevolle en leersame tydskrif wat elke leerling behoort aan te skaf. Die hoofdoel van die tydskrif is beroepsvoorligting, iets wat vir ons elkeen van onskatbare waarde kan wees.

Onlangs het die bestuurders van die tydskrif wat maandeliks verskyn, die redaktrises en redakteurs van verskeie skole genader om 'n



bespreking i.v.m. Die Skolier by te woon. Daar is van ons verneem wat gedoen kan word om die tydskrif meer aantreklik te maak. Verskeie "revolusionêre" idees is bespreek en Stroom-op het daarin geslaag om 'n advertensie aanbod te kry. Lank lewe advertensiejagters!

Die redaksie van die tydskrif het vriendelik gevra dat 'n meningspeiling oor die bekendheid en doeltreffendheid van die tydskrif gemaak word. Affies se redaksie het daad by die woord gevoeg en weldra 'n volledige en suksesvolle meningspeiling geloods. Die redaksie wil net graag die leerlinge en personeel hartlik bedank vir hul samewerking. Daarsonder sou ons taak aansienlik moeiliker gewees het.







*Pedro van Mexiko.*




*Raka, die mooi dier.*




*Wiks hom, Flappie!*




*Wie's jy, Hardus?*




*Beste Brink!*




*Sê maar niks nie, neef.*



*Kloppies se Pannevis-spook.*




*The eagle lands.*




*"Skagdiep 1980"*




*"Hupstootjie Stgggydom!"*




*Sickness en Blesjneff.*



*Skietbaanbrigadier.*



*The case of the murdered Schoolboy.*



*"En die skare raak mal!"*



# Die Afrikaanse Hoër Seunskool 1920–1980

**"Die geskiedenis van die Afrikaanse Hoër Seunskool is inderdaad die geskiedenis van die Afrikaner in Pretoria en daarom is daar so 'n groot belangstelling in die skool en word daar so nouletend op sy prestasies of gebrek daaraan gelet."**

Dit was die eerste en moes dus die weg baan vir die vele wat na hom gekom het en dit kan onteenseglik gesê word dat hy sy taak met groot welslae verrig het."

Laasgenoemde is 'n uittreksel van 'n brief van gelukwense met die skool se 50e verjaarsdag in 1970 van die eertydse eerste minister mnr. B.J. Vorster. Dit som in kort op die belangrike rol wat die Afrikaanse Hoër Seunskool gespeel het oor die afgelope sestig jaar.

Die Afrikaanse Hoërskool, Pretoria is op 28 Januarie 1920 in die woonhuis van wyle generaal Piet Joubert in Visagiestraat 218 begin met 44 leerlinge en 3 onderwysers. Die eerste hoof was mnr. Frank le Roux of "Pa" le Roux soos hy bekend gestaan het. Op 26 Januarie 1927 word 'n nuwe skoolgebou betrek, tans die gebou van die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Verdere groei het daartoe gelei dat daar aan die einde van die jaar die geboue van die Hoogere Oosteindskool, tans die gebou van die Afrikaanse Hoër Seunskool, betrek is.

In 1930 word beide die genoemde geboue betrek en word die seuns en die dogters geskei. Of dit 'n seën of 'n flater was kan baie oor gedebatteer word en sal ek my liewer nie uitlaat nie. Die jare wat hier op gevolg het is gekenmerk deur die lewenskragtige groei van albei skole. In 1947 is mnr. Frank le Roux opgevolg deur dr Gert Potgieter wat op sy beurt in 1954 deur mnr. J.A. Fourie opgevolg is. In die tydperk van 1954 — 1968 is o.a. die paviljoen langs die A-veld onthul en is begin werk aan die koshuis, Huis Frank le Roux wat in 1970 onthul is. Mnr. J.D.V. Terblanche was van 1970—1973 hoof van die skool en is in 1975 deur mnr. Roesch, die huidige hoof, opgevolg.

Hoogtepunte van die afgelope 60 jaar op die gebied van sport was die volgende: Tot 1974 is die inter-hoër atletiek byna elke jaar deur Affies gewen. Die Administrateursbeker is al ses keer deur Affies gewen en een keer gedeel. Affies het in die afgelope 6 jaar die administrateursbeker 4 keer in Tennis gewen. Daar is verskeie ander hoogtepunte waarvan slegs die belangrikstes hierbo genoem is.

Verskeie belangrike mense het hulle grondslag op die Afrikaanse Hoër Seunskool verkry:

Genl Magnus Malan — hoof van die weermag

Mnr. J.G.H. Loubser — hoof van die Spoorweë

Prof. Gerrit Viljoen — Administrateur-generaal van Suidwes-Afrika.

Minister Hendrik Schoeman — minister van Landbou wat in sy tydjie op Affies baie produktief was omdat hy in sy Latynperiodes 'n groentetuin langs die spoor behartig het. Hy is later deur die hoof gevang en nadat hy verduidelik het dat hy uit die Latynklas gejaag is, en liewers nie ledig wou wees nie, het die hoof besluit dat hy teen 'n vergoeding sy groente aan die koshuis sou lewer.

Daar is ook 'n groot aantal Springbokke deur Seunshoër opgelewer onder wie die meer onlangse Johan Kriek, Pierre Edwards en Pieter van Niekerk wat in 1968 aan die Olimpiese spele deelgeneem het.

Om te sê dat Affies net nog 'n skool is en dat skole oral maar dieselfde is, is onlogies. As 'n mens in aanmerking neem dat 'n skool met een kermis byvoorbeeld ± R28 000 maak en dat sport en akademiese prestasies hulle jaar na jaar herhaal sal daar saamgestem word dat Affies uitstaan bo vele ander skole en dat om 'n Affie te wees, 'n ondervinding is wat 'n mens vir die res van jou lewe sal onthou.

Mag Affies in die volgende 60 jaar van krag tot krag gaan. Laat daar Lig wees!

# Afrikaanse Debat-Evolusie?

**'n Omgekrapte seuntjie het eendag aan sy vader gevra of hulle voorouers ape was, of nie. Die wakker ou kêrel het geantwoord: "Ek weet nie van jou pa nie, maar myne was beslis nie." Sodoende het hy die evolusievraagstuk opgehaal.**

Vraagstuk? Nog nooit! so het die Affies gesê. Die enigste probleempie was dat sommige Affies wat na aan die natuur lewe, hulle oer-erfenis verdedig het, terwyl ander graag aan die onderwysers wou toon dat húlle nie ape is nie. Daar is toe besluit om dié ou sakie op vreedsame wyse d.m.v. 'n debat op te los.

Vrydagaand 9 Mei het die ses sprekers mekaar gepak. Die eerste spreker aan die inleidende kant was Bernard le Roux, wat verduidelik het hoekom die Neu-Darwinisme vir hulle aanvaarbaar is. Christo Delport het geantwoord hoekom dit nié die geval kan wees nie, en het toe tyd aan mutasies bestee. Mel Mentz het daarna voorbeelde van fossiele genoem en hulle bespreek waarna Leon Mouton die teenstelling, op grond van Bybelse feite bespreek het. Chris de Bruyn en Paul Smit was die laaste sprekers en het hoofsaaklik hulle kante met wetenskaplike feite en voorbeelde probeer versterk.

Dank word betuig aan Marnus Pienaar wat na pouse 'n paar goeie ghitaaritems gelewer het. Daarna het die vloerbespreking gevolg. Die spanning het soms hoog geloop en puik argumente is gevoer. Die uitslag was heel onverwags en diegene wat vir evolusie was (mens uit aap) het lelik op hulle neuse gekyk.

Die hele aand was 'n sukses en daar kan met groot verwagting na die volgende debat uitgesien word.

# Uitstalling: Kommunisme

**Die geskiedenisklub het van 8—14 Mei 'n uitstalling oor kommunisme gehou.**

Die onderwerp is treffend, interessant en insiggewend aangebied. Die uitstalling was geslaagd, want die doel daarvan was om veral die skoliere van die gevaar van kommunisme bewus te maak — en om aan te toon in hoeverre die kommunis suksesvol is in sy doel.




Kommunisme is feitlik in al sy fasette uitgebeeld — vanaf Karl Marx se ideale tot by aktuele vraagstukke wat die gevolge van sy ideologie is, o.a.

- die politieke, ekonomiese en maatskaplike toestand in Rusland.
- die Warschaupakt-wapen van die kommunistiese blok, teenoor die Westerse NAVO.
- Kommunistiese propaganda.
- Kommunistiese indringing in: Afrika, Suid-Afrika, vernaamste olieroetes van die wêreld, Afghanistan ens.
- Die Sjinese Kommunistiese ideologie.
- Die liberale Kommunisme onder maarskalk Tito in Joegoe-Slawië en 'n vraagteken oor die toekoms van dié land na Tito se dood.

Dit is jammer dat hierdie uitstalling waarvoor harde werk en deeglike navorsing gedoen is, nie deur 'n groter deel van die publiek besoek kon word nie.

Dit is 'n goeie idee van die biblioteekkomitee om die verskillende klubs die geleentheid te gee om uitstallings te hou en dit is verblydend dat die klubs dit so goed benut.

# *"Ek slaap in winderige nagte"*

(Na 'n vertelling van Ds. Beukes van die Hervormde Gemeente, Pretoria-Suid.)

'n Paar eeue gelede toe slawehandel nog aan die orde van die dag was in die lande om die Middellandse see, was daar 'n ryk boer wat eendag na die slawemark is om vir hom 'n goeie slaaf uit te soek.

Die boer het al die slawe sorgvuldig deurgekyk en toe besluit om op 'n sekere een te bie. Omdat hy graag juis daardie betrokke slaaf wou hê, was hy bereid om 'n goeie prys vir hom te betaal. Na hy sy bedrag by die geldwisselaars gaan vereffen het, het hy dié nuwe slaaf van hom begin deurkyk, aan hom gevoel en om hom gestap, totdat hy uiteindelik voor die slaaf gaan staan en hom vra: "Is jy 'n getroue man wat hard kan werk?" Hierop het die slaaf hom geantwoord: "Ek slaap in winderige nagte". Die boer het nie mooi verstaan wat die slaaf sou bedoel nie, maar die slaaf het hom net geantwoord, dat dit presies is wat hy bedoel.

Sonder om veel waarde aan sy woorde te heg, het die boer die slaaf in diens geneem en die kêrel het al sy werk goed en volledig gedoen.

Een nag steek daar toe 'n lelike storm op. Die boer staan toe op, hardloop na die slaaf en sê hy moet opstaan om te gaan kyk of al die hekke toe en dat die diere veilig is, maar die slaaf slaap vas. Die boer hardloop toe self uit en kyk dat alles om die huis in orde was, en dit was so. Hy gaan toe terug na die slaaf en probeer hom weer wakker maak dat hy die hele plaas moet deurgaan, maar die slaaf bly slaap. Die boer gaan toe self uit in die storm om te kyk of die diere veilig is, maar alles was reg.

Die volgende môre vra die boer toe die slaaf hoekom hy nie opgestaan het tydens die storm om te kyk dat alles reg is nie, waarop die slaaf antwoord:

"Meneer, toe u my gekoop het, het ek u gesê dat ek slaap in winderige nagte. Voordat ek saans gaan slaap, sorg ek dat alles reg is, dat die vee veilig is en dat al die hekke toe is, sodat ek nie miskien in die nag hoef op te staan en na hierdie dinge hoef om te sien nie!"

# Loopbaan '80

Donderdag 8 Mei het 151 standerd 7-Affies opgewonde by die busse uitgeborrel. Ons was op pad na die uitstalling van "Loopbaan '80". Almal is deur 'n vriendelike man verwelkom en vermaan om nie van die blaadjies wat uit gedeel word, papiervliegtuigies te maak nie.

Ons is in twee groepe verdeel sodat verkeersknope nie so maklik kan ontstaan nie.

Elke stalletjie was 'n uitstalling op sy eie. Op 'n baie klein oppervlakte is daar meer as 500 beroepsmoontlikhede aangebied. Die persone by elke stalletjie op diens, was baie hulpvaardig. Ons is vroeër meegedeel om intelligente vrae te vra, maar was nie juis geslaagd nie. Nogtans is ons vriendelik gehelp al moes dieselfde vraag 50 keer beantwoord word. Buite kon heerlike gegeurde melk en versnaperings gekoop word. Net te gou was die tyd verstreke en moes ons nael om betyds te wees vir die bus.

Op pad terug skool toe, terwyl papiervliegtuigies by my verby fluit, dink ek aan die eerste woorde nadat ons verwelkom is: "Moenie onnodig pamflette neem en mors deur papiervliegtuigies te maak nie."

# Die Noodlot

**Vanaand is die aand! dink ek so in die stilligheid toe ek my om vieruur die middag begin gereed maak vir die partytjie wat sewe-uur begin. Ek is in matriek, die enigste meisie (so voel dit vir my, altans) in my skool wat nie 'n "ou" het nie. Ek is een van die bondel en een van die bondel sal ek altyd bly. Ek wonder of ek baie lelik is? My ma en my pa dink nie so nie, maar my kleinboetie is oortuig daarvan dat ek die vetste, lelikste, simpelste meisie in die wêreld is. Miskien is hy nog reg ook . . .**

'n Barbaarse skreeu ruk my uit my mymerings: "Teersh! Kom help my gou-gou. Hardlooo-oo-oop! Hy gaan hom doodval!" Ek skrik my oor 'n mik en storm na buite om te kyk wat aangaan. By die groot boom agter in ons tuin, staan my boetie en skree. Sy oë is eintlik toe soos hy sy gorrel groter probeer rek om harder te skree. "Watsit?" hyg ek uitasem. "Tertia-man, dis die kat, Tertia-man, hy kan nie uit die boom uit klim nie. Ag haal hom af toee?" pleit Tommie in een asem. Veel van 'n keuse het ek nie. Die stomme kat lyk doodbenoud. "Jislaaik, Sus, jy's woes oulik hoor!" prys Tommie by voorbaat. Gelate sug ek, trek my japon so 'n entjie op en pak die groot klim aan.

Ek is twee cm van die kat af, toe hy besluit om terug te keer aarde toe. Onmiddellik is ek briesend. Die vermetelheid! "Tommie," gil ek onredelik, "ek hoop jou simpel kat kry 'n maagsweer." Tommie dink natuurlik dit is skreeusnaaks. Blind van woede klim ek vinnig af, maar ek was skaars halfpad, of 'n tak haak aan die winkelhaak in my japon. En daar hang ek ewe pateties tussen hemel en aarde, vasgehaak op so 'n plek dat ek dit nie van bo of onder met my hande kan bykom nie. "En nou," skree Tommie, "hoekom kom jy nie af nie." "Ek kan nie," sis ek terug. "Hoekom nie? Is jy bang?" vra hy onskuldig. "Man, kan jy nie sien nie; ek het vasgehaak." Uiteindelik snap Tommie die situasie en bars in histeriese lagbuie uit. "Ag jou simpel," hyg hy, "hoe gaan jy nou afkom?" "Ek weet nie," skreeu ek terug, "doen iets!" Al laggende begin Tommie wegstap. "Moenie my hier los nie," skree ek desperaat, "gaan haal die leer." "Hou jou tog in, Tertia, ek's nou terug," lag Tommie oor sy skouer.

Na wat vir my soos 'n ewigheid voel, verskyn Tommie uiteindelik weer, en langs hom, 'n absolute beeld van 'n mens. 'n Groot, fris kêrel met blinkswart hare, geklee in 'n donkerblou koordfluweel langbroek en 'n donkerblou hemp. En hier sit ek vasgehaak aan 'n boomtak, geklee in 'n stokou japon met krullers in my hare en my gesig skitterblink van die room! "Kan ek help?" vra my droomheld in 'n diep, strelende stem. My kakebene bly vasgeklem en geen enkele woord ontsnap uit my droë keel nie. "Ek het jou mos gesê sy sit vas" sê Tommie en begin weer lag. My held glimlag en ontbloot 'n volmaakte stel spierwit tande, draai om en verdwyn weer om die hoek met Tommie soos 'n stertjie agterna. Ek wil net begin huil in lang, uitgerekte jakkalshuile toe hy weer verskyn, dié keer met 'n groot houtleer wat maklik 'n ton weeg oor een breë, o so breë skouer. Deur verlepte ogies staar ek hom soos 'n verliefde hoender aan en kyk byna skeel toe hy teen die leer opklim en vlak voor my staan. Met sy sterk hande ontworstel hy my van die kloue (takke) van die draak (wildevyeboom) en help my met die leer af. Drie trappies van onder af, gly my voet en ek land neus eerste met my minder-ordentlike deel hoog die lug in — vlak by Tommie se voete. Dit was net die laaste strooi. Sonder om links of regs te kyk, vlieg ek op en storm die huis binne. Agter my hoor ek Tommie se histeriese skaterlag en die Vreemdeling se dieper, meer besadigde laggie. Trane van vernedering stroom oor my wange.

Toe ek in die badkamer kom, is die water al yskoud en die badolie sit in 'n vetterige randjie al om die bad. Ek trek die prop uit en klim onder die stort in. Na 'n halfuur onder die koue water en met my nek styf soos ek sukkel om my kop uit die water te hou (stortkeppie skoon vergete) draai ek die kraan toe. Moedeloos gaan sit ek op my bed met 'n skoongewaste gesig en 'n deurmekaar gemoed. Nog nooit in my lewe het ek so 'n gek gevoel nie. Ek weet nie of ek moet huil en of ek moet kwaad word nie. Ek besluit om kwaad te word en ruk sonder seremonie die krullers uit my hare uit. Natuurlik lyk dit nie reg nie.

Nadat ek vir die derde keer die maskara-borseltjie in my oog gedruk het en my grimering moes afwas om van voor af te begin en nadat ek vir die vyfde keer my duim op dieselfde plek vol naelpolitoer beplak het, is ek eindelik klaar. Neus in die lug stap ek die trap af. Tommie wag my onder in: "Hemel maar hierdie goed blink!" "Dis veronderstel om so te blink, dommerd; dit is satyn," antwoord ek meerderwaardig. "Jy's nogal maerder, ek meen minder vet. Ek het nie gedog jy sal in so 'n klein broekie inpas nie," slaat hy my plat en hemel hy my op in een asem.

"Tertia, is jy klaar, skat? Pappa wil ry!" red my ma se stem my. "Ek kom Mams!" Ek is sommer doodstil terwyl ons na die partytjie ry. Daar aangekom gryp my vriendinne my dadelik om die nuutste brokkie nuus te vertel. Daar is nuwe intrekkers in ons omgewing en hulle het 'n seun, 'n jong Apollo, wat nou 'n eerstejaar LLB-student is; glo briljant. Ek bly maar net stil en skuif my reg vir 'n lang sit in die hoekie.

Ek wou net met myself begin praat toe ek 'n diep stem langs my hoor sê, "Goeienaand, Juffrou. Ek vertrou jy het geen nagevolge van jou êê . . . e eskapades van vanmiddag oorgehou nie." My mond val wawydoop en my oë rek soos pierings. Vir maklik vyf minute lank staar ek hom stom aan waar hy op sy hurke langs my stoel sit. Dan stotter ek verleë, "G . . . ge- . . . goe . . . goeienaand. Nee, eee . . . ek makeer gelukkig niks nie, dankie," en bloos bloedrooi. "Laat ek myself voorstel: My naam is André Loubser. Ons is nuwe intrekkers, om die waarheid te sê, jule nuwe bure. Jy is Tertia Naudé, né?" "Ja" is al wat ek kan uitkry. Ons sit 'n rukkie in stilte en dan vra hy my om te dans. Bets-hulle staar ons oopmond aan. Ek self voel of ek in 'n droom lewe. Die hele aand bly hy aan my sy en kort voor lank gesels ons land en sand. "Tertia, kan ek jou maar huis to vat? My motor staan net hier buite." "Dankie, André, kom drink gerus ook koffie," nooi ek met 'n dawerende hart. Hy hou vir my die deur oop en kort voor lank is ons by die huis. "Hierdie kleur pas jou pragtig," sê hy. "Dis turkoois. Dankie" sê ek verleë. "Stommerik," fluister ek vir myself. Al te gou is sy koffiekoppie koud en maak hy aanstaltes om te loop. By die deur sê hy: "Wat doen jy môre-aand? As jy nie reeds 'n ander afspraak het nie; ek het twee kaartjies vir 'The Jericho Mile.' Ek sal dit baie waardeer indien jy sou saamgaan. Ek sal môre-oggend gou jou pa se toestemming kom vra." "Dankie, ek sal graag gaan," antwoord ek ewe formeel. Hy glimlag en verdwyn in die donker.

Maandagoggend in die Afrikaanse Letterkunde periode, begin die juffrou lees en toe sy by die woorde ". . . dat het toeval, een heerlijk toeval Rogier's gelaat met liefen glans tot haar sal wend," dink ek by myself: "Elke pot het sy deksel. Ek het nou myne ook gekry" en slaak 'n sug van genoegdoening. Droomverlore staar ek by die venster uit . . . "Tertia!" ruk die juffrou se stem my ru terug tot die hede. "Ja Juffrou?" vra ek verward. "Is jy verlief?" "Nee, Juffrou, ek meen ja, Juffrou, ek meen . . ." "Ag sit tog maar, my kind!" sug die juffrou en skud haar kop begrypend.

Ronélle Meyer.

# Modeparade

**'n Skool word nie elke dag sestig jaar oud nie, en nog minder word daar gereeld groot modeparades deur seunskole gehou! Dit is egter presies wat alles by die Afrikaanse Hoër Seunskool gebeur het.**

Vrydagaand die 23ste Mei was die groot aand in ons skoolsaal. Drie modelle van Witbank en drie pragtige meisies van ons Susterskool getooi in mooi uitrustings, het voor ons verby geparadeer. Dit was baie aangenaam en ons groot voorryman en blitsige agsteman het die afleiding terdeë geniet veral toe hulle nog kaas en **druiwesap** op die koop toe gekry het.

Ons sê baie dankie aan mev. Vlok; You Nique en almal wat bygedra het tot 'n baie suksesvolle aand. Ons het 'n R800 wins gemaak en ons eie arend was so in sy noppies en so oorbluf met die pragtige meisies dat hy feitlik niks kon sê met die bedanking nie.

Die Skim




# VAN ALLES EN NOG WAT

## Louw Gerber

**Dit is merkwaardig om te sien hoe gimnaste hulleself laat geld op die soms baie ingewikkelde apparaat waarop "waaghalsige" oefeninge uitgevoer word.**

Jacobus Louw Gerber is op 21 September 1962 gebore. Hy gaan skool by die Laerskool Anton van Wouw waar hy tennis, atletiek en rugby beoefen. Op hoërskool, Affies natuurlik, ondersteun hy die skool op die gebiede van tennis en atletiek. Op hoërskool het Louw, nou 'n matrikulant, homself primêr aan gimnastiek gewy.



Louw het in 1972 begin gimnastiek doen toe 'n klub by Anton van Wouw geopen is. Hy het dit baie interessant gevind en het die klasse begin bywoon. Hy het van alle apparate op daardie oomblik gehou. Die klasse was eintlik meer liggaamlike opvoeding en die doel hiermee was om 'n goeie balans te verkry wat baie noodsaaklik is vir gimnastiekbeoefening. Louw het gemerk dat hy talent het en het ernstig begin oefen. Sy afrigter sedert 1972 is die Springbokafrigter, mnr. Bezuidenhout.

Louw het 'n rits Noord-Transvaalse kleure verwerf, onder andere in 1973, en toe weer vanaf 1975 elke jaar tot in 1980 — voorwaar 'n merkwaardige prestasie! Van 1977 af het Louw as 'n onder-19 deelgeneem. Louw was verlede jaar derde in die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Hierdie jaar het hy as lid van die Noord-Transvaalse span aan die United Super Liga deelgeneem — Noord-Transvaal het gewen.

Louw voel dat gimnastiek gerus 'n hupstootjie gegee kan word, maar dat om op hoërskool te begin, gans en al te laat is. Volgens hom is die ideale beginners tussen 8 en 10 jaar oud. Hy noem ook dat gimnastiek 'n baie klein belangstelling op die oomblik het. Om vandag 'n gimnastieksaal of Affies te bou sal nie in sy doel dien nie.

Ons wens Louw alles van die beste toe en hoop hy gaan van krag tot krag.

---

Die Stroom-op redaksie wil graag vir mnr. Marais gelukwens met die nuweling.

Die Stroom-op redaksie wil graag vir mnr. P. Edwards gelukwens met sy verkiesing tot die Springbokspan vir die twee toetse teen die Jaquars.

Stroom-op wens die volgende persone van harte geluk:
— Rick Simons met die verwerwing van sy Springbokkleure in ysskaats.
— Louw Gerber met sy verkiesing tot die N.Tvl. gimnastiekspan vir die sewende agtereenvolgende jaar.
— Cecil Hemingway met 'n 3e plek in die Nasionale Wetenskap Olimpiade 1980.
— Die volgende persone met die verwerwing van provinsiale kleure:
*Danie Louw, Rudolf van Aswegen, Johnnie Grosskopf in landloop
*Brink Heyneman in rugby (Chris van der Merwe en Alex Thomson wat die N.Tvl. B-span gehaal het)
— Die eerste rugbyspan met hulle oorwinning op 31 Mei teen Menlopark
— Gawie Nel, mag dit lank duur
— Affies met sy 60e verjaarsdag.



## EREKLEUREDAG



## Kadet-onderoffisierskursus

**Dinsdagoggend, 1 April het 'n vrolike klomp ouens in kadetuniforms vanaf Hoërskool Langenhoven vertrek. 'n Heerlike twee weke op vakansie (op Weermag onkonste) het voorgelê, of so het ons gedink.**

Op Nylstroom aangeland, het die "manne" (ons is mos nou in die "Army") gesels-gesels die kamp binne gedrentel. Gou is ons medies ondersoek en in peletons verdeel. Een van die Affie-manne was — soos gewoonlik — eerste in die sop. Gou het hy agtergekom, hoe laer die rang, hoe groter respek word verwag.

Hierna het dinge vinnig verloop. Oorpakke, kampbeddens, slaapsakke en ander benodigdhede is uitgedeel. Min was gelukkig genoeg om 'n oorpak te kry wat nommerpas was.

Peloton 7 was gelukkig om drie Affies in hul geledere te hê. Die aand is die tente netjies gemaak vir inspeksie. Gou het ons uitgevind dat dit beter sal wees om ons "Webbings" vierkantig te kou!

Die volgende twee weke was harde opleiding gewees. Basiese dril-, skiet- en veldkuns is beoefen. Ook kompas- en radiowerk is aan ons verduidelik. Die moeilikste van die kursus was sekerlik die nagmars gewees. Velaf en vol stukkende plekke het ons vieruur die ogeend onder die Bedfords ingekruip en geslááp.

Die kos was uitstekend, maar somtyds 'n bietjie min. Mnr. Booysen sou baie gelukkig gewees het tussen so 'n klomp jong seuns met sulke kort hare.

Die voorlaaste dag was eksamen. Die meeste het puik presteer totdat die dril-evalueering aan die beurt gekom het. Danie Olwage het veral hier uitgeblink.

Ons drie het teruggekom, ryper, met meer kennis en 'n goeie voorsmakie van "Army life". Die koue nagte wanneer jy met 'n stukkende .22 moes wagstaan, die ysige stortwater en die koue harde oorpakke het van ons almal beter mense gemaak.

Baie dankie aan mnr. Van Staden vir so 'n geleentheid. Dit word opreg waardeer.

### *La Solrée Francoise*

Alhoewel ons geweet het dat ons in Pretoria, in ons skoolsaal sit, het dit gevoel asof ons die hartjie van Parys is. Veral nadat ons op 'n toer deur hierdie beroemde stad geneem is met sy Tour Eiffel, Arc de Triomph, tuine van die Tuileries en die Notre Dame. Die realiteit is nog verder verhoog deur kleurskyfies en daarna het die standerd sesse vir ons 'n paar welbekende Franse liedjies gesing.

Van Parys is ons na Gallië, waar die standerd neges vir ons 'n greep uit die lewe van ons berugte vriende Asterix en Oberix voorgestel het. Hulle het hulle kragte weereens ingespan om hierdie keer 'n pragtige jong dame se verloofde uit die hande van die wrede Romeine te red.

Pouse het ons koffie en croissants op eg Franse wyse geniet en daarna het die standerd agts vir ons "La photo de la classe" opgevoer en ons het met hernieude simpatie na ons onderwyseresse geloer. Die standerd sewes het twee fabels van La Fonteine vertel en die aand is op gepaste wyse afgesluit toe die standerd agts "Stille Nag" by kerslig op Frans gesing het.

# Naas Botha

Dis 'n paar minute voor die eindfluitjie blaas. Nuweland se skare is mal, die Currybeker staan weer in die WP! 'n Skrum op WP se doellyn. Noord-Transvaal wen die bal, Naas kry hom. Hy skepskop, en dis oor! Telling 15—15.


Oor die telefoon klink hy soos enige ander mens, maar wie sou kon dink dat hy die kaptein van die Blou Bulle sou word, en nog boonop, 'n Springbok?

Ten spyte van die feit dat hy oor 10 minute 'n afspraak moes gaan nakom, het hy kalm en rustig op al ons vrae geantwoord.

Naas Botha is 22 jaar oud en is een van twee kinders. Darius, sy ouer broer, is self ook 'n kranige rugbyspeler en energieke teologiestudent. 'n Paar jaar gelede matrikuleer Naas aan die Hendrik Verwoerd Hoërskool. Daarna volg hy 'n L.O.-kursus te U.P. waar hy nou in sy finale jaar is. Op 'n vraag hoe hy Noord-Transvaal se kanse vir die Currybeker sien, het hy geantwoord dat dit nog 'n bietjie vroeg is om voorspellings te waag, maar hy glo hulle het 'n goeie kans.

Sy geliefkoosde kleure is blou en bruin, in teenstelling met sy wit Datsun. So 'n ruk gelede het hy ook verloof geraak, maar volgens hom is daar nog geen sprake van huweliksklokke wat binnekort gaan lui nie. So tussen die rugby en klasloop deur is daar geen tyd vir stokperdjies nie, maar ons kan maar aanneem dat rugby voorkeur geniet!

Soos meeste van u seker weet was Naas 'n proefstudent by ons skool. Volgens hom het hy dit baie geniet en op 'n vraag of hy volgende jaar ons LO-onderwyser gaan wees, (volgens gerugte wat rondlê) het hy geantwoord dat hy op die oomblik aan geen skool voorkeur gee nie.



# Netbalverslag 1980

**Die netbalseisoen het op 'n hoë noot begin toe 'n paar netbalspeelsters 'n toernooi te Rustenburg gedurende die Aprilvakansie bygewoon het.**

Die Rustenburgse Hoërskool het gesorg dat ons en die sowat 27 ander skole, ons verblyf in die koshuis deeglik geniet het. Ons span het tweede in hul afdeling op die toernooi geëindig en ook die tweede plek op die talentaand verower, maar die oorwoë mening was dat ons die eerste prys moes ontvang het.

Ons fiksheid is deeglik beproef en ons het met baie meer ondervinding en tegniek teruggekom.

Die termyn het egter met 'n terugslag begin, toe ons ons afrigter, na ons eerste wedstryd, verloor het. Juf. Holtzhausen slaag daarin om mev. Gouws as afrigster te vind en sy neem dan ook die leisels stewig oor. Op daardie tydstip het ons alreeds twee wedstryde gespeel en een verloor teen Verwoerdburg. Sy moes dus weer van vooraf begin skaaf aan die spanne.

'n Verdere terugslag vind plaas, toe die netbalkapteine, Karen Ferreira, haar liggamente skeur in 'n wedstryd teen Girls' High en ons 'n speelster kwyt is.

Die Noord-Transvaalse Skole kampioenskappe vind op 5 Mei plaas en twee o/16 lede slaag daarin om die proewe te haal. Marinda Cronje en Darielle Visser kwyt hul goed van hul taak, maar haal ongelukkig nie die Noord-Transvaalspan nie.

Aflos se eerstespan was ongelukkig om teen C.R. Swart met twee punte te verloor en teen Menlopark met slegs een punt. Elke keer het ons egter daarin geslaag om 'n vêr agterstand uit te wis.

Baie geluk aan die o/16 A-span wat hul afdeling gewen het en deurdring tot die semi-finale rondte.

Oor die algemeen is ons baie tevrede met die afgelope seisoen en hoop ons daar sal volgende jaar nog harder geoefen word.



## Hokkie-hoogtepunt

**Die hokkie-hoogtepunt hierdie jaar was seker die Menlopark — Affies hokkie-vete. Daar was seker nog nooit twee sulke gedetermineerde spanne op 'n hokkiebaan nie.**

Beide spanne het reeds 'n halfuur voor die wedstryd vuriglik begin opwarm. Onder groot gejuig het die twee spanne op die baan gedraf. (Die Affie-toejuiging was bietjie skraal!!!! — tekort aan ondersteuners?!) Dit was duidelik dat die wedstryd 'n titaniese stryd sou wees, want elke speelster het van die begin af ingeklim. Menlopark se determinasie blyk die betere te wees en reeds in die eerste 20 minute teken hulle 'n doel aan ten spyte dat die geldigheid daarvan bevraagteken is. MAAR Meisieshoër, getrou aan haar leuse — Ek sien haar wen — het nie gaan lê nie. Driftig en meer gemotiveerd het hulle aanval op aanval geloods. Halftyd breek aan en steeds was die telling 1—0 in die guns van Menlopark.

Na halftyd is die wedstryd nog meer verbete voortgesit. Geleidelik was dit tog duidelik dat Meisieshoër besig was om die oorhand te kry. En toe helaas — in die laaste 5 minute — klap die doel in die hokke van Menlopark. Santie Vorster, eerste span-kapteine, verhoed so 'n dramatiese Menloparkse oorwinning.

(Hokkie-geesdriftige)

## Affies troef die Parkies

**Soos vroeër in die jaar voorspel was, het Affies Menlopark oortuigend met 11—9 geklop met rugby. Die geleentheid het gepaard gegaan met die kermis, wat inderdaad die "intervarsity" gees verskerp het. Met hierdie oorwinning het mnr. Van Rensburg se manne soete weerwraak aan alle Affie-ondersteuners besorg.**

Die wedstryd het soos volg verloop: Met 'n tikkie vermoë en 'n oorvloed van geluk kon Menlopark daarin slaag om in die eerste minuut met 6—0 voor te loop. Daar is egter nie aan Hennie "bondeltjie spiere" Jordaan verduidelik dat die wedstryd oor sestig minute beslis word nie. Affies het dus verbete teruggeveg en na 'n puik drie deur Louis Odendaal in "Katvoet's Corner" het die Affies weer moedgeskep. Dit was te danke aan Brink "Beerklou Heinemann" dat 'n paar Parkies skadeloos gestel is. Na 'n skepdoel deur Alex Thompson was die telling 7—6. Dit was dan ook die rustydtelling.

Na rustyd het Affies met 'n verwoede eindpoging vorendag gekom. Hulle harde werk is dan ook beloon met 'n briljante drie deur Alex Thompson. In die proses het Hennie Jordaan weer eens met sy neus in die Affie-turf gegrawe. Menlopark het daarna met 'n strafdoel geslaag en ondanks briljante spel deur Affies het die telling daarna onveranderd gebly.

Die Menloparkers het na afloop van die wedstryd met 'n minder trotse houding hulself uit die voete gemaak as waarmee hulle hier aangekom het.

## Landloop

Ons het vanjaar weer 'n besondere sterk landloopspan. Drie van ons landloopatlete het plekke behaal in die Noord-Transvaalse span. Hulle is Roelof van Aswegen, Johnny Grosskopf en Danie Louw.

'n Hoogtepunt word in ons landloop bereik by die Interhuislandloop. Vanjaar word daar medaljes aan die eerste drie atlete van elke ouderdomsgroep uitgereik. Sertifikate word uitgereik tot by die tiende plek.

Ons dank aan meneer Fraser vir sy gereelde afrigting en geduld.

K. Abrie 10B



## Boys High Rugby

Die eerste Maart en die vier en twintigste Mei is twee dae wat lank onthou sal word, beide deur Affies en Boys High. Op die twee dae het ons op tradisionele wyse gewys wat sportmangees en harde, goeie rugby is, en ek hoop van harte dat daar meer sulke geleenthede tussen die twee skole in die toekoms sal wees.

Die spanning het lank reeds begin oplaai vir die rugby teen Boys High. Danksy mnr. Mills het Affies weer 15 spanne in die veld gestoot, wat net 'n teken is van die spontane, goeie gees wat tussen die twee skole heers. Alhoewel Boys High agt van die vyftien wedstryde gewen het het Affies nog 'n spyker in Boys High se doodskis geslaan toe ons eerste span die uiters gemotiveerde span van Boys High met 17 punte teenoor 3 verrinneweer het. Dit was sprankelrugby wat gekenmerk is deur harde, skoon spel deur albei spanne.

Dan ook het Affies sy diepte bewys toe die 15e span (Die Redheart Rum-span) van Johan Malan, Boys High se 9e span in 'n vriendskaplike wedstryd met 10—0 verslaan het, sonder om een keer te oefen.

Ek hoop van harte dat sulke byeenkomste altyd sal bydra tot die puik vriendskapsbande wat tussen die twee skole bestaan want dan sal sportmangees en rugby van krag tot krag gaan.

(Philips Daniels)

## Matriekspan

**Dit is seker onnodig om uit te brei oor die tradisie wat reeds lank by Affies ontstaan het, naamlik om 'n matriekspan in die veld te stoot. Die span is dan die skool se 5e span, wat teen die ander skole se 3e spanne speel. As jy aan dié span dink, dink jy ook aan mnr. Pretorius wat reeds geruime tyd dié span se afrigter is.**

Die span het goed vertoon in sy vriendskaplike wedstryde, en toe die liga begin, was daar geen keer aan 'n klomp gemotiveerde matrieks nie. Toe breek dáárdie dag teen Boy's High aan. Ons het seker maar grootkop gekry, en teen alle verwagtinge verloor ons 12—6. Dit het egter die Maandag by die oefening geblyk dat, as jy teen die "Galle" verloor, dit slegs as nuwe motivering kan dien. In die daaropvolgende wedstryde het dit duidelik deurgeskemer dat ons nie van plan was om weer te verloor nie.

Saterdag 14 Junie, speel ons teen die onoorwonne span van Overkruin. Affies saai verwoesting, en na die wedstryd praat die telling hard: Affies wen 24—4. Daar lê nou nog 'n paar uitspeelwedstryde voor, maar Affies, daardie beker gaan ons wen! "Nilla, het jy al begin geld spaar om vir ons te koop dít wat jy belowe het as ons die liga wen?"

Ons wil net dankie sê aan Nilla wat 'n baie goeie kaptein is. Aan Louis Botha, baie geluk met al die drieë. Jy het die meeste punte vir die span aangeteken. Aan mnr. Pretorius, 'n baie spesiale dankie. Om 'n matriekgroep as span af te rig, is nie altyd baie lekker en maklik nie. Aan al die lede van die span, dankie ous, dit was lekker.

Outeur Spyker Marais.

## Uitslae van die afgelope seisoen

| | Brits | J Vorster | Verwoerdburg | Boys High | Menlopark | CR Swart | Overkruin |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 3—14 | 10—9 | 24—4 | 16—3 | 11—9 | 7—9 | 20—12 |
| 3 | 12—3 | 34—4 | 6—0 | 20—13 | 12—0 | 8—6 | 6—20 |
| 5 | 22—6 | 3—3 | 26—4 | 6—12 | 10—0 | 20—6 | 20—4 |
| 7 | 12—6 | 16—3 | 8—12 | 4—26 | 0—10 | 4—7 | 6—13 |
| 9 | 10—0 | 14—6 | 24—4 | 26—3 | 12—0 | 24—0 | 6—0 |
| 16 | 10—3 | 18—0 | 14—7 | 0—3 | 10—12 | 6—10 | 3—4 |

C-Area:

| | Silverton | FH Odendaal | Wagpos | Tuine Teg. | Pta.-Noord | Wonderboom | Eldoraigne |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 35—15 | 25—10 | 3—27 | 21—16 | 12—12 | 4—9 | 10—16 |
| 4 | 0—7 | 24—6 | 6—35 | 26—0 | 12—9 | 0—12 | 13—5 |
| 6 | 10—21 | 19—4 | 6—14 | 16—12 | 14—7 | 18—6 | 11—4 |
| 8 | 18—0 | 44—0 | 10—17 | 18—0 | 18—0 | 42—0 | 52—0 |
| 10 | 0—6 | 46—0 | 4—28 | 6—24 | — | 0—14 | 4—10 |
| 12 | 42—4 | — | 0—47 | 11—16 | — | — | 0—24 |

JUNIOR RUGBY

| A-Area | Liga | Brits | John Vorster | Verwoerdburg | PBHS | Menlopark | CR Swart |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| o/15 A | A-liga | 8—8 | 12—6 | 14—6 | 25—0 | 0—4 | 7—12 |
| o/15 C | B-liga | 6—28 | 0—16 | 6—18 | 4—16 | 4—30 | 10—4 |
| o/14 A | A-liga | 24—4 | 32—0 | 10—13 | 38—0 | 12—4 | 4—4 |
| o/14 C | B-liga | 4—4 | 8—4 | 16—8 | 9—14 | 16—8 | 6—8 |
| o/13 A | A-liga | 20—0 | P | 24—0 | 0—10 | 10—10 | 4—4 |

| C-Area | Liga | Silverton | FH Odendaal | Wagpos | Tuine Teg. | Pretoria N. | Wonderboom |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| o/15 B | A-liga | 15—26 | 6—28 | 11—22 | 12—22 | 4—8 | 6—14 |
| o/15 D | B-liga | 0—36 | 0—36 | 0—48 | 0—50 | 0—8 | 4—0 |
| o/14 B | A-liga | 0—18 | 0—30 | 12—24 | 0—22 | 0—8 | 0—9 |
| o/14 D | B-liga | P | 18—0 | P | 0—4 | 24—0 | P |
| o/13 B | A-liga | 0—54 | 4—30 | 0—54 | 0—22 | — | — |

# SPORT

## Rick Simons

**Hoeveel van ons het nie al op Saterdae die pad na Sterland se skaatsbaan geneem nie, of hoeveel het nie die skaatsers benydend aangekyk en ons eie ongelukkies op die ys onthou nie? Wel, Affies het 'n meester op hierdie gebied — Rick Simons.**

Derrick Anton Cornelis Simons is op 27 November 1962 gebore. Sy laerskooltydjie is aan die Laerskool Rietfontein-Noord deurgebring waar Rick homself aan krieket gewy het buiten sy ysskaats. Op Affies gooi hy sy gewig by die Kunsklub in en wy hy homself primêr aan sy ysskaats.

Rick se moeder, self 'n ysskaatser op haar dae, het Rick se belangstelling vir ysskaats geprikkel. Hy het elf jaar gelede begin skaats toe 'n klub in Pretoria geopen is. Die ysskaats het hom aan die begin nie geval nie en hy het slegs Saterdagoggende gaan skaats. Rick se broer, Frans, het tien jaar gelede aan kompetisies begin deelneem. Rick se belangstelling is gevuur en hy het toe 8 jaar gelede ernstig begin skaats en privaatklasse is na skool bygewoon. Rick leef homself uit in sy skaats en hy oefen elke dag per week behalwe Vrydae — so tussen 12 en 13 ure.


Rick het al 'n hele paar titels verower waaronder die volgende tel: die onder-10, onder-14 en onder-16 Noord-Transvaalse kompetisies, waarvoor hy ook Noord-Transvaalse kleure gekry het. In 1975 wen hy die Navis-tussengroepkompetisie, in 1978 die Noord-Transvaalse senior manstitel asook die Junior S.A. Manstitel. In 1979 wen hy die Senior Mans en verwerf sy Springbokkleure in 1980.

Hierdie jaar gaan Rick aan die Senior S.A. Mans deelneem. Geen persoon gaan teen hom skaats nie. Ná dit wil hy graag Goue Vryskaats doen waarin een sirkel op die ander of so na aan die ander getrek moet word.

Rick was al oorsee en het aan die Junior Internasionale Kompetisie in Frankryk deelgeneem. Omdat die standaard oorsee baie hoog is en die beoordelaars strenger optree teen persone wat die die eerste keer internasionaal optree, het Rick laaste gekom. Hy en sy pa was ook al Duitsland toe waar hulle in Dörmund as toeskouers die kompetisie verfilm het. Drie ander internasionale kompetisie was die Avis kompetisie wat in Kaapstad gehou is. Rick het 'n tweede plek behaal naas 'n Brit.

Rick sou graag sy talente wou deel met ander en wil graag ysskaats sien uitbrei, veral onder ons Affies. Hy het dit egter benadruk dat 'n persoon op 'n vroeë ouderdom moet begin.

Rick het ook aan my genoem dat hy skaats nie sy loopbaan wil maak nie maar hy wil hom liewer in 'n tegniese rigting bekwaam. Ons wens Rick alle sukses toe met wat hy nog wil vermag in ysskaats.




Tennis:

## Stefen de Beer

Affies kan weer met trots terugkyk op nog 'n suksesvolle tennistermyn. In ons tradisionele kragmeting teen Greykollege het Affies skoonskip gemaak in die o/18, die o/16 en o/14 afdelings. Ons jaarlikse skoolkampioenskappe het groot belangstelling gelok. Jeane van Rensburg het die enkelspeltitel verower vir bo 15's en André de Beer vir die o/15's. Die bo 15 liga is reeds volstroom aan die gang en hier is dit reeds 'n uitgemaakte saak dat Affies weereens sal wen. Die eerste span kan egter sy sterkste teenstand van sy 2de en derde spanne verwag en dit beloof om 'n baie interessante wedstryd te wees. Die jaarlikse Noord-Transvaalse skolekampioenskappe is ook reeds agter die rug en ook hier het Affies met die louere weggestap (die 12de keer uit 13 jaar). Affies het 3 bo 15 en 1 o/15 spanne ingeskryf. Die grootste verrassing is egter deur die 3e span gelewer toe hy sy 1ste span naelskraap met 1 spel geklop het. Die finaal is egter deur ons sterk 2de span gewen toe hy die 3e span ook naelskraap geklop het. Die o/15's het hulle ook baie goed van hul taak gekwyt en is ook naelskraap deur die 2e span uitgeskakel. Affies se mikpunt is om die gesogte Administrateursbeker weer terug te brng na waar hy hoort. Ons wens die eerste span en al die ander spanne baie sterkte toe.

Stefan de Beer — Tenniskaptein



## SPORTVROU VAN DIE TERMYN

**Asof dit nie genoeg is dat sy 'n matriekleerling van 1980 aan A.H.M.S. is nie, is sy die hokkie kapteine, uitblinker en staatmaker van die eerste hokkiespan. Indien enige oningeligte persoon twyfel oor wie dié Affie is, is dit ons voorreg om die sportvrou van die termyn aan julle bekend te stel, nl. Santie Voster.**

Hierdie kranige hokkiespeelster weet nie net hoe om die hokkiestok vas te hou nie, maar glo aan "darem 'n bietjie harde werk wat Akademie betref", sy is immers nie verniet 'n lid van die "bloubaadjie"-brigade nie.

Haar hokkie loopbaan het onder leiding van mev. Steenkamp in st. 6 begin en met die troue aanmoediging van Wilma Kruger, die hokkie kapteine van 1976. Santie was toe al die beginnerspan se kapteine en uitblinkertjie. Reeds in st. 7 het sy al haar permanente plekkie in die eerste span los geslaan (letterlik en figuurlik). In 1977 toer die berugte span onder leiding van (toe nog) mej. Lombard in die Vrystaat.



"Santie was die toer suksesvol of het die Vrystaters julle moeg gemaak?"

"Ja, die toer was baie suksesvol, in elke geval, wat ons spangees betref!"

Ons sal nie verder uitvra nie.

Maar helaas, 'n goeie hokkiespeelster "word" nie net nie. Dit verg daaglikse harde oefening, toewyding, 'n liefde vir die sportsoort en dan natuurlik ook 'n wil om bo uit te kom. Dit is dan ook waarom Sanie by Harlequins aangesluit het en sy oefen gemiddeld twee uur 'n dag.

In 1979 verwerf sy haar Noord-Transvaalse kleure deur 'n plek in N.Tvl. se eerste skolespan te behaal.

Hokkie-speel is egter nie net altyd lekker speel en wen nie, maar ten spyte van 7 hokkie stokke, 7 paar hokkie skoene en 'n gebreekte neus, is al die swaarkry deur-en-deur die moeite werd.

Alhoewel hokkie Santie se belangrikste sportsoort is, is sy 'n ywerige muurbal- en tennisspeelster, baie lief vir die natuur en kampe, en dan versamel sy ook enige hokkie, sokker en rugbykouse.

Ten laaste wil ons Santie net baie gelukwens met haar kapteinskap van N.Tvl. se skole hokkiespan en ook baie sterkte toewens met haar toekomstige hokkie-loopbaan wat sy van plan is om volgende jaar met net soveel geesdrif voort te sit.

## *Jack se wit "Jerseys" span die kroon* 1980

**So 'n vloedgolf van jolyt, opgewondenheid, spanning, glimlagte, en sommer baie, báie mooi . . . het Affieland in sy dag des lewens nog nooit beleef nie. Ander woorde kan nie méér beskrywend wees van 31 Mei 1980 nie, 'n geskiedkundige dag vir Affieland, wat op dié dag vir Menlopark tot in die grond toe in verneder het.**

Reeds die Vrydagaand het die karnavalgees hoog geloop, en die Saterdag kon nie anders as om op 'n dag met baie interessanthede en verrassings uit te loop nie. Vol verwagting het Menloparkers Affieland binnegestroom om slegs gedwelmd te raak deur die Affiegees. In die afgelope vyf jaar was daar nog nooit so baie mense by 'n rugbywedstryf te Affies nie. Die stampvol paviljoene se gedruis kon egter nie die spanning en opgewondenheid verberg nie. En toe kom daardie sielike gróót stilte . . . Jy kon 'n speld hoor val, en selfs 'n warm hartjie hier teenaan jou onreëlmatig voel klop.

Toe daardie wit truie van Affies se eerste span op die veld verskyn, kon jy Affies se "oorlogskreet" myle ver hoor en fotograwe het as gevolg van 'n skok skielik opgehou om foto's te neem. Dit is dán wanneer jy die trots van Affie-wees vir jou voel opwel, en jy oorstelp van opgewondenheid miskien iewers te hard druk, en 'n onvermydelike giggeltjie laat ontsnap.

Met die eerste afskop het jy nog skaars jou plek ingeneem, of 'n verskriklike geskreeu bars om jou los — Menlopark het gaan druk. eers is dit 'n gevloek en geskreeu, dan 'n doodse stilte, en dan bars dit luidkeels en asof uit een keel los: "Nou, Affies, nou!" En dadelik weet jy, daardie drie was sommer 'n glipsie, en kon jy nie anders as om weer opgewonde te raak nie, want daardie wit vloed is besig om Menlopark op die veld deurmekaar te hardloop en hule in die grond in te verdelg. Eers was dit daardie langbeendrie van Louis, toe 'n Naas Botha-skepskop deur Alex. Die telling was 9—7 in Menlopark se guns. En toe . . .! Mannetjies Roux sou na sy asem gesnak het as hy daardie drie van Alex kon sien. Eintlik was dit net 'n droom, soos so baie in Affieland; die een oomblik was Alex daar, die volgende oomblik hoor jy net die Affies gil van lekkerte. Die koeël was deur die kerk, en Affies loop 11—9 voor

Maar dit was eintlik op die paviljoen waar die manewales hoogty gevier het. Hier kon jy op die gesigsuitdrukkings van elke verliefde Affiepaartjie die verhaal van ontbering lees, want die eerste span het die Affies inderdaad op hulle tone gehou. Wanneer Affies 'n drie gedruk het, was dit ene chaos. Hoe dan anders, as al wat meisie is, byna stukkend "gedruk" word. Telkens egter sien jy 'n Affie met iets in die hand — 'n klip, 'n stuk gras, 'n stuk papiersak of 'n stuk vel van iemand anders, maar al hierdie voorwerpe se vorm het algaande met verloop van die wedstryd verander, of selfs gekwyn onder die geweldige spanning at hulle moes deurstaan. Met so 'n horde Affies en oud-Affies bymekaar het dit jou eerder aan die fliek "One flew over the Cuckoo's nest" laat dink. Maar eenkant, agter by die hoekvlag van die suidelike doellyn, het 'n eensame, senuweeagtige mannetjie rondgetrippel, besig om 'n lang, dik stok in sy fynere fasette op te deel. Ons innige meegevoel . . .

Toe die eindfluitjie eindelik as 'n verligting skril, kon niks die Affievloed keer nie. Alles is uit die pad gestamp om by hul vyftien helde te kom. Party het selfs 'n paar trane gestort, maar kon nie help om breed te glimlag terwyl die Affiekreet tot sy hoogste volume verhef is nie, want elke Affie was bly soos hy nog nooit was nie, en sy hart het geboemerang, nie soseer omdat ons vir Menlopark gewen het nie, maar omdat jy weer so uiters trots op jou Affie-skap kon wees en in die lug kon spring van vreugde. Eers lank daarna kon jy van opgewondenheid herstel.

Hierdie puik oorwinning was beslis die klimaks van die viering van Affies se sestigste bestaansjaar. Ons sê dankie en geluk aan meneer Van Rensburg en sy eerste span.

Ja-nee, Jack se Wit Jerseys het die kroon gespan!

